18 Januarie 2012

NUUSBRIEF 1/2012

Geagte Ouers

Met die aanvang van ‘n nuwe skooljaar wens ons alle ouers, leerders en personeel van harte welkom. In besonder alle ouers wat vanjaar ‘n eerste kind by ons ingeskryf het.

Seën en voorspoed word aan elke ouerhuis toegebid vir die jaar wat voorlê. Laerskool Thabazimbi was nog altyd ‘n skool met ‘n lojale ouergemeenskap en daarom vertrou ons dat elkeen van u gou by ons sal inskakel en nou met ons sal saamwerk.

Die volgende belangrike sake vir u aandag:

1. **BELANGRIKE DATUMS**

17 Januarie 2012	:	Verwelkoming nuwe Gr R- en 1-leerders
18 Januarie 2012	:	Gr R en Gr 1 Eerste skooldag-foto’s
19 Januarie 2012	:	Gr R Oueraand
20 Januarie 2012	:	Atletiekuitdunne gedurende skoolure (slegs 0/10 – 0/13)
24 Januarie 2012	:	Interhuis Atletiekbyeenkoms
27 Januarie 2012	:	Atletiek Vriendskaplike byeenkoms te Laerskool Bosveld
31 Januarie 2012	:	Atletiek Vriendskaplik (tuis)
02 Februarie 2012	:	Gr 2 – 7 Oueraand
03 Februarie 2012	:	Atletiek – Kringbyeenkoms (plek nog onbekend)
10 Februarie 2012	:	Atletiek – Areabyeenkoms (plek nog onbekend)
14 Februarie 2012	:	Wetenskapskou te Pretoria vir toppresteerders (Gr 6 – 7)
15 Februarie 2012	:	Studiebegeleiding – Werksessie met Gr 4-ouers en leerders
16 Februarie 2012	:	Skoolfoto’s – Individueel en klas
16 Februarie 2012	:	Gr 1 Oueraand
17 Februarie 2012	:	Atletiek – Streeksbyeenkoms (plek nog onbekend)
20 Februarie 2012	:	Rugby- en Netbaloefeninge begin
23 Februarie 2012	:	Finansiële Komiteevergadering
24 Februarie 2012	:	Tjokker Atletiekdag (Gr R)
28 Februarie 2012	:	Beheerliggaamvergadering
02 Maart 2012	:	Atletiek – Provinsiaal te Polokwane
03 Maart 2012	:	Rugby- en Netbaldag vs Middelburg en Pietersburg (tuis)
08 & 09 Maart 2012	:	Diskonto Boekuitstalling in skoolsaal
10 Maart 2012	:	Rugby- en Netbaldag te Laerskool Julian Muller
17 Maart 2012	:	Rugby- en Netbaldag te Laerskool Pietersburg-Noord
20 Maart 2012	:	Gr 7 Speletjiesaand
21 Maart 2012	:	Openbare Vakansiedag
22 Maart 2012	:	Rugby en Netbal te Laerskool Brits
23 / 24 Maart 2012	:	SA Atletiekkampioenskappe
23 Maart 2012	:	Fondsinsamelingsprojek – Waterkaskenades

25 – 30 Maart 2012	:	Eerste Rugby- en Netbalspanne toer na Margate
27 Maart 2012	:	Finansiële Komitee Vergadering
29 - 31 Maart 2012	:	0/11 Rugbyspan - Kliniek te Marble Hall
29 Maart – 1 April 2012	:	0/9 en 0/10 Rugbyspanne – Kliniek te Thaba Morula
30 Maart 2012	:	Skool sluit
10 April 2012	:	Skool heropen

2. **SPORTPERIODE**

Vanweë die feit dat ons Interhuis Atletiekbyeenkoms reeds op Dinsdag, 24 Januarie 2012 plaasvind, is ons genoodsaak om uitdunne en seleksie van spanne gedurende skoolure in te pas. Leerlinge is welkom om vanaf Donderdag, 19 Januarie 2012 tot en met die afhandeling van die Interhuisbyeenkoms, sportdrag skool toe te bring vir gebruik gedurende hierdie sportperiodes. Sien meegaande reëlings vir atletiek.

3. **ATLETIEKOEFENING IN DIE MIDDAE**

Atletiekoefeninge vind op Dinsdae en Donderdae plaas soos uiteengesit op die meegaande atletiekskrywe.

4. **OUERAANDE**

Hierdie oueraande word gereël sodat elke ouer ingelig kan word rondom u kind se akademiese jaar en die vereistes wat aan hom of haar gestel gaan word. Dit is ook die ideale geleentheid om u kind se vordering en enige ander sake rondom u kind met die betrokke personeel te bespreek. Ek doen 'n beroep op u om asseblief hierdie aande by te woon. Meer inligting ten opsigte van elke geleentheid volg later.

- Gr R Oueraand: Donderdag, 19 Januarie 2012
- Gr 2 – 7 Oueraand: Donderdag, 2 Februarie 2012
- Gr 1 Oueraand: Donderdag, 16 Februarie 2012

Baie dankie dat u Laerskool Thabazimbi gekies het as u skool. Ek en my personeel waardeer dit opreg en sal steeds poog om net die beste vir die leerders en die gemeenskap van Thabazimbi te lewer.

Groete

_____

Mnr J L M Venter
HOOF